Die Eenheid van Eendragtigheid

Bly om die voorreg te hê om in te kom in U Teenwoordigheid en U te ontmoet. En, O God, mag ons gemeenskap hê vanaand om die geskrewe Woord. Mag die Heilige Gees alles wat gedoen of gesê word, inspireer. Vir die heerlikheid van God vra ons dit, in Jesus se Naam. Amen.

Julle mag sit.

2 Hulle het my amper onkant betrap. Ek het afgekyk hier na 'n Arkansas broertjie van ver onder in daardie groot staat van Arkansas. En wat maak jy hierbo in hierdie koue land in elk geval?

3 Wel, oral waar ek gaan, ontmoet ek mense van Arkansas. Dit was een van my eerste plekke om te gaan nadat ek Saint Louis verlaat het, waar ons by die Keil Ouditorium was, en afgegaan het in Arkansas in. En ek vergeet nooit daardie mense nie, hoe hulle gekom het nie. O, net, daar was agt-en-twintig duisend mense; het die koerant gesê, in Jonesboro. En die stad is omtrent agt-of tienduisend, reken ek, bevolking. Vir dertig myl, om die stad, was niks; al die plaashuise vol, en tente gebou en dinge, en mense wat daarin woon, onder ou—ou vragmotors. En mense, gereën . . . Dit sou reën, die mense het stukkies seil en koerante oor hulle siek mense gehou, net gewag dat daar vir hulle gebid word. Dit het nie enige verskil gemaak of hulle hierdie week of volgende week ingekom het nie. Wanneer dit ook al was, sou dit reg wees. Sien?

4 Ek onthou onder by Corning. Jy woon naby daaraan, woon jy? Corning. Jy blyk . . . Ek het iets daar gesien wat ek reken dat miskien Dwight Moody, of Sankey, of party van hulle in hulle dag gesien het.

5 Ek was ver buite in die wildernis, het teruggegaan en het daar agter gebid, alleen, voor die diens. Ek het mense sien uitkom uit daardie stowwerige paaie, aan die afgaan na die diens, in die middag langs. Ek het jong dames opgelet, pragtige jong dames, nie oor sestien, agtien jaar oud nie, wat hulle skoene en kouse onder hulle arm dra. Voor hulle daar sou kom, sou hulle gaan sit, hulle voete afstof, en hulle kouse en hulle skoene aantrek. Hulle het net een paar gehad, en dit moes hou. Maar hulle het regtig die Here liefgehad.

6 Party van die mees uitsonderlike wonderwerke wat ek ooit in Amerika gesien doen is, was daar gedoen. En ek wil terugkom na Arkansas, een van hierdie dae, net 'n ware ou tyd van gemeenskap om die Woord en die mense van God hê.

7 Nou, ons is net ’n bietjie vroeg, vanaand, en so gaan ons net ’n stukkie van God se Ewige Woord lees, soos gewoonlik. En ek wil . . .

8 Sê, ek glo hulle het gesê, hier, ons het gehad ’n . . . Julle het klaar daardie predikersontbyt aangekondig, ensovoorts? [Iemand sê: “Ja.”—Red.] Ja. Goed. Dis in die haak, dan.

9 Ons wil vanaand lees uit die Boek van Génesis. En ek wil hê julle moet luister soos ons lees uit die 11de hoofstuk en die 5de vers.

> *Toe daal die* HERE *neer om die stad en die toring te sien waaraan die mensekinders gebou het.*
>
> *En die* HERE *sê: Daar is hulle nou een volk . . .*

10 Ek wil praat, vanaand, oor *Die Eenheid Van Eendragtigheid*, nou, soos ons reguit in die Woord ingaan, vir hierdie vermaning. En nou ek . . . Dis baie verbasend, om te dink dat, hoedat die volk wat hulle hier gesien het een was.

11 En, julle weet, dis God se plan, God wil hê mense moet een wees. En dis vreemd om te dink, maar die Duiwel probeer sy plan laat ontstaan en die mense een maak onder sy plan. Nou, God het ’n plan, en die Duiwel het ’n plan. En dan probeer die Duiwel al die mense onder sy plan kry, terwyl God probeer om die mense onder Sy plan te kry.

12 So daar’s twee groot geeste in die wêreld, een van hulle is die Duiwel, die ander is God. Die Duiwel het boodskappers, God het boodskappers, en ons is vry om ons keuse te maak. Aan wie ons onsself wil onderwerp, dis wie se dienaars ons is. Maar as julle oplet soos . . .

13 Ek het verlede Sondag gepreek van die dors wat in mense is, die mens. God het die mens gemaak om te dors, maar om te dors na Hom. Dis hoekom dors in ’n mens geplaas is.

14 Maar die Duiwel kom verby en verdraai dit, en laat die mense na hom dors, met die dinge van die wêreld. Die Bybel het gesê: “As julle die wêreld of die dinge van die wêreld liefhet, is die liefde van die Vader nie in julle nie.” Dan, julle sien, die Duiwel verdraai. Hy kan niks skep nie, maar hy kan verdraai wat God alreeds geskep het. Die Duiwel is nie ’n skepper nie. Hy is net ’n verdraaier van die oorspronklike skepping. En wat is sonde? Is regverdigheid verdraai.

Hoeveel verstaan dit? Sien? Goed. Ek wonder net.

15 Ek is ’n Suidelike, en ons is gewoond aan ’n bietjie meer terugvoer as dit. En die—die Noordelike mense is konserwatief. En—en ek was so lank in die Suide dat julle gewoond sal moet raak aan my Suidelike maniere, of ek julle Yankee manier.

16 Maar ek wil hê julle moet weet, ons het die oorlog gewen. Ja. Daar is geen argument daaroor nie. Daar is een Suidelike

wat lewe, en geen Yankees nie, so ons het die oorlog gewen. Ek het gedink dit was egter baie treffend toe daardie klein Yankee sterwend was, en die Suidelike vir hom 'n telegram gestuur het en gesê het: "God seën jou, Yankee. Ek hoop om jou sommer gou weer te sien." Dit, hoekom kon hulle nie dit in die begin gedink het nie, julle sien, en dit net laat gaan het nie? Maar ek wil dit graag sê, dat daar net een. . . Dit het die lewensduur geneem, om die oorlog te wen, maar ons het dit uiteindelik gekry. Sien? Goed. Maar daar is 'n groot tyd wat kom.

17 En nou aan die praat van die—die vyand, van hoedat hy regverdigheid verdraai na onregverdigheid. Nou, dit, ons is 'n gemengde menigte, beide mans en vroue, meestal volwassenes, so ek is seker julle sal verstaan. Julle luister na julle dokter, en ek's julle broer. Dis wettig, en regmatig, en goddelik, vir 'n man om vir homself 'n vrou te neem, en te woon saam met hierdie vrou. Maar 'n ander vrou kan dieselfde ding wees vir hom, maar dit sou dood wees om haar aan te raak. Daar is die verskil, regverdigheid verdraaid. Dis hoe alle sonde is, is regverdigheid verdraai.

18 God het jou gemaak om na Hom te dors, en God het die Kerk gemaak om eenheid onder Sy heerskappy te wees. Maar die Duiwel maak hulle eenheid onder sy heerskappy.

19 En nou as julle in die Mohammedaanse godsdiens sal oplet, party van die dinge, as ons net die tyd kon neem. Die dinge wat hulle is, hoe hulle verdraaid is! In die Mohammedaanse godsdiens, wat ek die voorreg gehad het om die land te besoek naby die graf van Mohammed, en by sy graf was 'n wit perd wat gestaan het daar vir tweeduisend jaar. Elke vier ure, dink ek is dit, verander hulle die wag, en 'n wit perd, opgesaal, en wag vir die opstanding van Mohammed. En hulle sê dat hy uit die dood sal opstaan, op die perd sal klim, en die wêreld oorwin.

20 Dan, julle sien, hulle wag vir die oorwinnaar om te kom, aan die ry op 'n wit perd, en hoe dit verdraai is uit die Skrifte. Want: "Jesus kom, aan die ry op 'n wit perd, Sy kleed gedoop in bloed, Sy Naam, die Woord van God." Maar, julle sien, die Duiwel het daardie teorie geneem en dit verdraai na Mohammed. Maar, waarlik, sal Jesus kom op die wit perd. Die Bybel sê dat Hy sal.

21 En jy kan in enige valse sekte ingaan wat jy wil en jy sien baie groot simbole van ware Christendom.

22 Nou, in die toring van Babilon, as julle daardie toring sal oplet, dit was die begin van Babilon; waaroor ek later hierdie week sal praat, as die Here wil. Babilon, die einste stad, was nageboots uit die Hemel. En daarbinne het hulle die Eufraatrivier gehad wat vloei reg langs die troon en die tuin, hangende tuin. En dit is nageboots uit die Hemel, want die Rivier van die Lewe, Tro-. . . vloei langs die Troon van God. En julle sien die prestasie wat die mens gedoen het, was om 'n nabootsing te maak, verdraaid.

23 En toe, in hierdie groot ding, het hulle 'n man gehad met die naam van Nimrod. En Nimrod het al die res van die stede en die volk onder een groot heerskappy gebring, om te wys dis 'n mensgemaakte teorie, net 'n nabootsing.

24 Maar God se Kerk is verenig onder God. Die mens het niks Daarmee te doen nie. Dis verenig onder God.

25 En hierdie Babilon, wat die begin was van...In die skepping, in die Génesis, vind ons uit dat dit reg oorkant in Openbaring is, en dit praat van sy geestelike wêreld in die laaste dae, wat nou is, uiteindelik sal verenig onder die antichris, 'n mensgemaakte godsdiens.

26 Maar ek is dankbaar om te sê dat God se Kerk verenig sal word, ook, onder een Hoof, God.

27 Maar die mensgemaakte godsdienste sal almal in hierdie antichris godsdiens inkom. Daar sal twee vorms van hulle wees. Een vorm sal uit Rome kom, wat die dier sal wees. En daar is 'n beeld vir die dier, wat die geestelike hoof van die Protestantse kerk sal wees, opgehoop as 'n beeld vir die dier, onder die denominasionele wêreld. En dit sal alles onder een groot heerskappy kom, en die antichris sal die een wees wat op die troon is en gesetel is. *Anti* "teen," amper presies dieselfde, maar tog is sy—sy—sy leer nie uit die Skrifte nie. Genoeg van die Skrifte om dit te laat lyk of dit reg is, maar dit sal verkeerd wees.

28 En ek weet julle—julle sê: "Broer Branham, jy verwys nou na Rome." Dis presies. En nie net Rome nie, maar Protestantisme, ook. Presies. Die Bybel het so gesê.

29 Maar daar het julle dit, die Duiwel wat die mense verenig onder een hoof, een geestelike hoof, 'n man op aarde. Die Bybel het gesê: "Hy sou in die tempel van God sit, om te wys dat hy God is." En hy sou 'n drievoudige kroon dra, en al hierdie dinge wat hy sou doen: "Die stedehouer van—van hemel, aarde, en vagevuur." En onder dit sou 'n—'n beeld vir hom wees, waar al die res van hulle saam sou verenig.

30 Maar die Kerk van die lewende God sal verenig word onder die krag van God en die toesig van die Heilige Gees. God se Kerk sal verenig word. O, is julle nie bly nie?

31 In hierdie donker uur, met alles wat toemaak, mense wat nie omgee nie. Hulle gee nie. Lyk asof hulle harte verder en verder weggaan van God af. Die wêreld word kouer en kouer, en onverskillig, omdat hierdie groot geestelike hoofde vorm aanneem.

32 In Rusland, Rusland probeer die wêreld verenig onder kommunisme, Rusland. Die Duiwel wat Rusland beheer, probeer die hele wêreld onder kommunisme verenig. Hulle sal nooit in staat wees om dit te doen nie.

33 En dan die V.N., Verenigde Nasies, probeer hulle verenig onder ’n verenigde polisiemag, nog ’n mensgemaakte stelsel. Sal nooit werk nie. Dit kan nie. Maar hulle probeer almal.

34 En laat my dit sê met respek, maar volgens die Woord van God, dat elke volk vandag beheer word deur die Duiwel. Die Bybel het so gesê. Satan het ons Here die koninkryke van die wêreld gewys, en hy het gesê: “Hierdie is almal myne, om met hulle te maak enigiets wat ek wil. En as U my sal aanbid, sal ek hulle almal vir U gee.”

35 En Jesus het geweet dat Hy hulle almal sou beërf in die Millennium, so Hy het gesê: “Gaan weg agter My, Satan.”

36 As die wêreld regeer was deur Christus, sou ons wapens opstapel en daar sou nooit nog ’n koeël gevuur word nie. Ons sou geen gebruik hê vir sputniks en waterstofbomme, om mense op te blaas nie. Wanneer Christus die heerskappy van hierdie wêreld oorneem, as “die Koning van die konings en Here van die here,” sal die mense onder Hom verenig wees, onder een yslike groot heerskappy. Dit sal ’n tyd wees!

37 Alle volke wil hê mense moet een wees. Duitsland het gedink hulle moet almal Duitsers wees. Rusland dink hulle moet almal Russe wees. Die Westerse wêreld dink hulle moet almal hiernatoe kom. En hulle wil hê hulle moet een taal praat, net soos hulle het in Babilon. God het gesê: “Hulle het een taal.” En hy wil hê hulle moet almal een taal praat. Hulle wil hê hulle moet almal een verenigde persoon wees, maar dit sal nooit plaasvind onder die mens se heerskappy nie.

38 Maar ek sal dit sê, dat daar ’n tyd sal aanbreek wanneer alle volke verenig sal word onder een Koning, en dit sal Jesus Christus wees, God se Seun. En hulle sal een taal praat, hulle sal een van hart en een van doel wees. Daniël het die einde gesien, toe die Rots gesny was uit die berg, sonder ’n hand, en Dit in die koninkryk van die wêreld ingerol het en hulle vergruis het, en hulle soos kaf op die vloer geword het, die dop wat die winde wegwaai. Maar die Rots het die hele aarde oordek. Daardie Rots is Christus. Daar sal ’n tyd wees wanneer daar een nasie sal wees, een volk, een vlag: die ou ruwe kruis. Loof die lewende God!

My hoop is gebou op niks maar
Net Jesus Bloed met geregtigheid;
As alles om my siel padgee,
Dan vestig ek al my hoop op Hom.

Want, op Christus, die vaste Rots, staan ek;
Alle ander grond is sinkende sand.

39 Alle ander grond, kerke, denominasies, volke, V.N.’s, wat dit ook al mag wees, dis alles sinkende sand, moet tot ’n einde kom.

40 Ek het die voorreg gehad om in Rome te staan, waar die groot Caesar wat probeer het om die hele wêreld onder die Roomse ryk te vestig. En, vandag, moet jy twintig voet afgrawe, om die ruïnes van daardie stad te vind.

41 Ek het in Egipte gestaan, waar die groot farao's wat probeer het om die wêreld onder Egipte te verenig, en jy grawe twintig en dertig voet, om die ruïnes van die stad te vind. "Want hier het ons geen voortdurende stad nie," sê die Bybel: "maar ons soek Een wat sal kom."

42 Nie lank gelede nie, toe ek eenkeer uitgegaan het na 'n plek toe ek 'n klein seuntjie was. Ek het 'n groot boom gesien, waarnatoe ek altyd gegaan het, en onder daardie boom gesit het. Ek het gesê: "Wanneer ek 'n ou man is, sal ek terugkom en onder hierdie sekere boom sit, en ek sal opkyk in sy takke. Ek sal sy skoonheid bewonder, soos ek vandag maak, van 'n seun van twaalf." Daar is niks oor van daardie boom behalwe 'n takkie nie. Hoekom? Daar is niks hier wat kan voortgaan nie. Dit moet ophou.

43 En elke sterflike ding spreek van 'n Onsterflike wat kom, want alles wat ons sien, is 'n verdraaide daad van iets wat eg is.

44 Ek 'n paartjie trou, en 'n pragtige jongmeisie in haar blosende tienerjare sien, 'n jongman met sy skouers agtertoe, wat staan soos hulle is, een, en hulle harte wat saamklop. Ek dink: "Is dit nie 'n te mooi prentjie om bederf te word deur die dood nie?" Maar dis net 'n paar jaar totdat hulle hare grys word, die skouers hang, en terug na die stof gaan hulle. Wat is dit? Dis 'n prentjie, wanneer hulle daar staan, dat daar 'n Land oorkant die Rivier is, waar elke simptoom van die dood weggeneem is. Daar, onsterflik, sal staan in Sy gelykenis, helderder as die son en sterre sal skyn.

45 Die groot môrester het nie enige van sy prag verloor vandat die Here dit vanaf Sy hande geblaas en dit in sy wentelbaan gehang het nie. En kyk wat 'n paar jaar aan ons doen. Maar wat sê Hy in die Skrif? Hy het gesê: "Diegene wat baie na geregtigheid lei, sal helderder as die sterre skyn." "So ons soek na 'n Stad Wie se Boumeester en Wie se Oprigter God is."

46 Nadat julle hierdie groot iets sien waarin ek julle verstand probeer opbou, vir 'n konteks, ek probeer julle laat sien hierbaile dat daar 'n—'n werking van 'n vyand hierbuite is. En die werking van die vyand, deur 'n verdraaide gees, probeer doen dit wat die Gees van Christus probeer doen. Die vyand probeer, soos 'n voor-en nadeel, om die hele wêreld onder een groot hoof te verenig. Die wêreld doen dit, Rusland, V.N. En nou laat my net 'n klein bietjie verder gaan. En die kerk probeer dit doen, onder mensgemaakte instelling. Dit sal nooit werk nie. Dis nie God se program nie. Ek kan dit bewys deur Sy Woord.

47 Maar, julle weet, God het jou 'n persoon gemaak, om jou te laat begeer om so te wees, sodat Hy jou kan vervul met Sy goedheid. Nou, as . . . 'n Man moet vol wees van iets. Dis reg.

48 Hierdie is 'n keuse tyd. Jy kan nie langer neutraal staan nie. Jy mag vertrek voordat die boodskap verby is, maar jy kan nie by daardie deur uitgaan dieselfde persoon as wat jy ingekom het nie. Dis reg. Jy gaan oor daardie drumpel, vanaand, óf 'n beter persoon, óf 'n—'n boser persoon as wat jy was toe jy ingekom het. Jy kan dit nie help nie. Dit hang van jou af om 'n besluit te maak. Nou, let op, dis 'n keuse tyd. Jy kan nie neutraal wees nie. Dis 'n keuse tyd. "Jy moet kies vir jou vandag wie jy gaan dien." En die Duiwel het baie dinge aangebied, glansryk, wat jy kan kies as jy wil. Jy kan nie bly soos jy is nie. Want, jy moet wees . . . as jy leeg is.

49 Nou, ek wil dit moet onder ons bly. En die goeie Here van die Hemel weet dat ek dit nie sê om onverskillig te wees nie. Maar ek sê dit net om 'n Waarheid te wys. En ons groot evangeliste wat die wêreld deurkruis vandag . . .

50 En nie lank gelede nie, het ek die voorreg gehad om by die ontbyt te sit saam met hierdie beroemde Billy Graham, wat ek glo God se dienaar is, deur die volk gaan, hulle na Christus roep, die wêreld na Christus roep en tot bekering. En ek het hom hoor sê, voor 'n groep predikers, soos hy die Bybel opgetel het, soos *hierdie*, en hy het gesê: "Hierdie is die—die voorbeeld." Hy het gesê: "Paulus het in 'n stad ingegaan en 'n bekeerling gemaak. Hy het 'n jaar later teruggekom en hy het dertig bekeerlinge gevind." Hy het gesê: "Ek gaan in 'n stad in en kry twintigduisend bekeerlinge. Ek kom 'n jaar later terug en het nie twintig nie." O, hoe ek iets wou sê! Maar dit was sy diens.

51 Billy Graham, met sy boodskap, sê vir mense om te bekeer en van sonde weg te draai. En dis 'n essensiële boodskap. En God het Billy Graham gekies om dit te doen. Niemand anders kan dit doen soos hy dit gedoen het nie. Want hy volg die Here. Hy's in die gees van Johannes, wat, voor die eerste koms van Christus, uitgegaan het en bekering gepreek het en geen wonderwerke gedoen het nie, maar hy het gepreek en die streke ontroer en hulle gereed gemaak vir die volgende boodskap wat sou kom.

52 Maar, vandag, soos Billy Graham, ons geliefde broer, soos hy die mense kry om hulleself te ledig van sonde, het hy nie die boodskap om weer vol te maak nie. Dis wat die probleem is: julle is leeggemaak.

53 Maar laat ek net nederig met julle praat, as julle broer. Die Bybel het gesê: "Wanneer die onrein gees uit 'n man uitgegaan het, wandel hy in droë plekke." Met ander woorde, hy gaan rond, oral, om rus te probeer vind. 'n Gees is nie baie sleg totdat hy iemand kan vind waardeur hy kan praat of deur kan leef nie.

54 Net onlangs, kon ek die gees in die diens voel. En julle almal wat julle briewe instuur, as ’n verskoning vir die eerste aand of twee, om te glo dit was een of ander soort verstandelike opset, en nou’s julle oortuig. Sekerlik, ek vergewe julle. God, doen dit ook. En die Here seën julle. Sekerlik.

55 Nou, wanneer die diens aangaan, ’n bose gees in die diens, daardie gees is omtrent skadeloos totdat dit iemand vang waardeur dit werk. Dan wanneer dit kan deurwerk, sal dit sekerlik skade doen, want dis ’n bose gees.

56 En die Heilige Gees is hier, om iemand te probeer vind om deur te werk. En wanneer Dit iemand vind om deur te werk, kan Dit goed doen.

57 Sien die twee geeste, hulle motiewe, doelwit? Kyk hoe dit is. Hou hulle werke dop. Hou hulle vrugte dop, dan kan julle sien watter gees op julle is. Jy word gemotiveer deur die gees. As jy geen gees het nie, is jy dood. En as jy ’n gees het, motiveer dit jou lewe.

58 En as julle lewe die vrugte van ’n Christen dra, is dit ’n Christen Gees. Nou, jy mag gevul wees.

59 Nou hou hierdie bose gees dop. “Wanneer hy uitgaan, wandel hy in droë plekke, op soek na ’n plek om rus te vind.” Die Bybel het gesê: “Hy kon dit nie vind nie, so hy sê: ‘Ek sal terugkeer na waar ek uitgekom het.’” Hy gaan terug na hierdie persoon waarin hy eenmaal was, en hy vind die huis heeltemal uitgevee, skoongemaak, geheilig, alle veroordeling weg. O, net ’n baie gelukkige gelowige, maar dis leeg. “En hy sê: ‘Kom hier,’ sewe ander geeste erger as wat hy was.” Sal julle dit asseblief probeer snap? Die Bybel het gesê dis die Waarheid. Jesus het gesê dis die Waarheid. “En hy kom terug na hierdie huis.”

60 ’n Man wat Christus bely het as sy Verlosser, ontslae geraak het van sy boosheid, opgehou het met sy drinkery, opgehou het met sy rokery, sy leuens, sy steel. Hy het geheilig geword, skoongemaak. Sy huis is uitgevee. Hy voel vry. “So hy kom terug en hy vind daardie huis. Dan gaan hy en kry sewe ander geeste, erger as wat hy was, en kom in hierdie persoon in.” En die Bybel het gesê, dat: “Die laaste toestand van die man is sewe keer erger as wat dit in die begin was.”

61 Nou wat het net gebeur? ’n Evangelis kom deur, hulle preek bekering, en jy maak skoon van jou sonde. En dan, wanneer jy skoon is, gaan die Duiwel weg van jou. Jy neem jou dinge terug, wat jy gesteel het. Jy gaan, bely jou ongeregtighede aan jou vrou of jou man. Jy maak regtig skoon. En dan, die ding daarvan is, jy’s net skoon, jy maak ’n baie goeie teiken vir die Duiwel.

62 Nou: “Nadat die mense geglo en gedoop is, is hulle gevul met die Heilige Gees.” En dis God se Goddelike program. Nou, as jy gevul is met die wêreld. . . En wanneer jy gered is, mag jy

gevul wees met goeie gedagtes, ensovoorts; maar as jy nie gevul is met God nie! God het die Heilige Gees gestuur, na die aarde, om die Kerk te motiveer.

63 En jy mag gevul wees met gedagtes. Jy mag gevul wees met teologie. En jy mag gevul wees met geleerdheid, 'n beterweter. En jy mag gevul wees met godsdiens, en steeds 'n teiken van die Duiwel wees. Dis reg. Nou, wanneer . . .

64 God het jou gemaak sodat jy leeg kan wees. Want, toe jy gebore is, is jy gemaak met 'n plek om gevul te word. Volgens natuur, is jy 'n kind van die Duiwel. En wanneer jy . . .'n Evangelis kom verby, en jy bely en word skoongemaak.

65 Julle sien wat? Die Duiwel kom. Hy bring terug na jou, en plaas jou in een of ander klein denominasie, en sê: "Ons kerk is die grootste een." Julle is verkeerd, net daar, om mee te begin. Dan word jy hoofdig, hoogmoedig. "Wel, dit veroordeel my nie om by die huis te bly en televisie te kyk nie. Dit veroordeel my nie om 'n klein vriendelike sigaret te rook of 'n drankie te neem, nou en dan nie." Jou vrugte sê wat jy is.

66 En dan sal jy een of ander geestelike hoor opstaan. En jy mag die Bybel lees, en jy sien waar Jesus opgetree en wonderwerke gedoen het. Jy neem dit na die pastoor. "O," sal hy sê: "nou, kyk. Ons glo nie Dit nie." Wie is "ons"? Wie is die "*ons* wat Dit nie glo nie"; hy en wie? Dit is nie hy en God nie, want God het Dit geskryf. Dis hy en iemand anders.

67 En as jy dit sal ondersoek, is dit dieselfde motief wat by die toring van Babel was, om 'n mensgemaakte, aardse heerskappy te bou. Maar God wil dit nie hê nie. Hy wil julle nie almal verenig hê onder die Metodiste, onder die Baptiste, of onder die . . . enige geestelike, 'n kerkhoof nie. Hy wil julle nie almal verenig hê onder Rome nie. Hy wil julle nie almal verenig hê onder die . . . enige kerk heerskappy nie.

68 Hy wil julle verenig hê onder Sy geestelike Koninkryk, die Heilige Gees. En wanneer die Heilige Gees kom, word die wêreld dood, en is jy gevul met die doop van die Heilige Gees. En die Duiwel is 'n persoon wat moet wegbly van jou. Jy's onder God se heerskappy. Jy is 'n nuwe skepsel. Die Heilige Gees het in daardie leë plek ingekom en dit gevul.

69 Nou, 'n pastoor, enige sekte, een of ander literatuur wat jy gelees het, mag vir jou sê: "Die dae van wonderwerke is verby." Dis 'n goeie plek vir die Duiwel om een van daardie geeste daar in te glip en jou 'n erger persoon te maak as wat jy was toe jy 'n sondaar was. Want, die godsdienstige sondaar is die ergste van almal. Dis die ergste. Jesus het so gesê. Dis die ergste gees.

70 Dan mag jy na 'n diens gaan waar die groot krag van die Here! En die eerste ding wat jy sou sê, wanneer jy dit gesien het: "Nou, ek wonder net. As ek betrokke raak Hiermee, sal hulle my my brief gee by die kerk." Sien waar is jy?

71 Nou, miskien doen dit dit nie. Daar is goeie denominasies, goeie pastore, Metodiste, Baptiste, alle verskillende soorte wat glo in die bonatuurlike beweging van God, wat glo dat die mens wedergebore moet wees en gevul met die Heilige Gees. En ek dank God vir elkeen van hulle. Daar is baie van hulle wat glo. God het Sy kinders uitgeplaas in elke plek. Maar wat ek probeer sê, in die meerderheid, vind julle uit, al daardie kerke.

72 Ek wil julle Metodiste mense iets vra, wat nie in Goddelike genesing glo nie. Wat van John Wesley, julle stigter? Toe hy sy perd gery het, om te bid vir 'n siek vrou, en die perd gestruikel het in 'n molsgat, en geval en sy been gebreek het. John het van sy perd afgeklim, 'n bottel olie geneem, en gesê: "Here, U het hierdie perd gemaak, dieselfde as wat U my gemaak het," en die perd gesalf met olie. En op hom geklim en weggery. Wat daarvan? Jy preek dit in 'n moderne Metodiste kerk vandag, sal hulle jou by die deur uitgooi. Sekerlik.

73 Maar julle sien wat dit is? "Die ou moeder prostituut," van die Bybel, Openbaring 17, sy het dogters gehad. En sekerlik hoef ek nie in detail in te gaan daaroor nie. Protestantisme is 'n produk van Katolisisme. Sekerlik, dit is. Hulle het 'n klomp van hulle goed uitgebring, klou steeds daaraan vas. Doen dit steeds, ver weg van Skriftuurlike Leer, ver weg van die apostels se Leer.

74 Hulle het vir hulle 'n Apostoliese Geloofsbelydenis gemaak. Ek wil hê enige man moet vir my sê waar die apostels ooit 'n geloofsbelydenis soos daardie aangehaal—aangehaal het. Nooit, nooit! Maar julle hou daaraan vas.

75 En julle noem julle priesters: "Vader." En Jesus het gesê: "Moet geen mens 'Vader' noem nie."

76 En julle mense, julle kry julle klein gebedsboekies uit, beide Protestant en Katoliek, en sê gebede, oor en oor en oor, beide Protestant en Katoliek. En Jesus het gesê: "Moenie ydelike herhalings gebruik soos die heidene maak nie; dink hulle sal verhoor word, van hulle baie woorde."

77 Julle sien, pot kan nie die ketel swart noem nie. Dis reg. Dis alles onder veroordeling, elke mensgemaakte teorie. En dis die rede in 'n herlewing soos hierdie, na die stad kom, hierdie sitplekke leeg sit. Maar God sal Dit stuur, in elk geval, en die koerante sal Dit uitbasuin. En op die Oordeelsdag, wanneer julle geroep word om te antwoord, sal julle skuldig bevind word soos hulle was destyds.

78 Het Jesus nie gesê: "Die koningin van Skeba, die koningin van die Suide, het die heelpad gekom vanaf die uiteindes van die wêreld," op die rug van 'n kameel gesit, drie maande: "om 'n gawe van God te sien, wat Salomo was nie"? Hy het gesê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, 'n groter as Salomo is hier."

79 En ek sê, vanaand, dat 'n groter as Salomo hier is. Dis die Persoon van Christus, in die Heilige Gees, wat doen en werk, in die menslike lewe voortbring net soos Hy hier gedoen het.

80 God het vir jou 'n plek gegee wat leeggemaak kan word. Nou, jy kan nie net die ou lewe opvryf nie. Jy kan nie die ou lewe 'n ontrimpeling gee nie. Sy moet sterf, en 'n nuwe lewe moet in haar gebore word. Sy het nie 'n bietjie manikuur nodig, of wat dit is wat julle op julle lippe sit, dit wat die vroue doen, julle weet, om hulle beter te laat lyk nie. Sy het nie 'n haarkrul nodig nie. Sy het nie die lipgoed nodig nie. Die Kerk het 'n Geboorte nodig en 'n vulling van die Heilige Gees.

81 Met haar hare gekrul en haar lippe geverf, is sy steeds dieselfde ou meisie. Sy's steeds 'n twyfelaar. Sy is steeds, het haar vertwyfelings. Sy het haar vrese. Sy's huiwerig. Sy wil nie die Waarheid hoor nie, want die ding wat binne—in haar is, wil haar dit nie laat doen nie. Dis reg. Sekerlik.

82 'n Ontugtige vrou op die strate, jy stap nader en sê vir haar: "Haai, vrou, jy's verkeerd."

Sy sal sê: "Dit het niks met jou te doen nie."

83 En 'n styfnek kerklidmaat is sewe keer erger as daardie vrou.

84 Sê vir haar: "Daar is 'n groot herlewing wat aangaan. Jy behoort soontoe te kom. Die Here Jesus het Homself gemanifesteer, die siekes genees. Mense is, sovoorts, ontvang die Heilige Gees."

85 "Ag loop! Wat's fout met jou? Ek behoort aan die kerk. Ek is so goed soos jy." Waarom? Sy weet nie van beter nie.

86 Maar jy praat met 'n ordentlike vrou en sê vir haar dis verkeerd om dit te doen. Sy sal sê: "Amen. Ek weet dis verkeerd."

87 En jy sê vir 'n man of vrou, wat wedergebore is uit die Gees van God, dat die doop van die Heilige Gees hier is vir hulle, om hulle hart te vul. Hulle sal skree "amen" Daarop, want hulle voed en lewe op die Woord van God. Sekerlik, hulle doen dit.

88 Maar, julle sien, soos dit is in die wêreld, so is dit in die kerk. Hulle probeer iets bou. God het nie jou hulp nodig om Sy Koninkryk te bou nie. God wil net hê jy moet die Woord preek. Hy sal die bouwerk doen. Hy's die Argitek. Hy het die planne Hier uitgelê. Goed.

89 Wat doen ons dan? God het vir jou 'n plek gemaak om leeg te word, van die dinge van die wêreld. Nou, die natuur het 'n gees daarin gesit wat jou die dinge van die wêreld laat liefhê, en jy weet jy's verkeerd wanneer jy dit doen.

90 Jy 'n kerklidmaat is, jy mag net so godsdienstig wees as wat jy kan wees, en net so vol van die Duiwel, daarmee saam. Dis reg. As jy die Woord van God betwyfel, elke Woord Daarvan waar is, is dit die Duiwel wat dit vir jou sê. Sekerlik,

dit is. Dis kru. Maar dis tyd, hoogtyd, dat een of ander klein verwyfde prediker sy rubberhandskoene uittrek en die Evangelie preek soos Dit geskryf is, en ophou rondspeel met een of ander kweekskool ondervinding.

91 Ek het altyd jammer gevoel vir 'n broeimasjien hoender. 'n Hoender wat gebore is in 'n broeimasjien, piep, en het geen mamma om na te gaan nie. Dit laat my dink aan 'n kweekskool prediker wat niks meer weet van die Woord van God as wat die kweekskool gesê het nie; aan die piep, en geen Mamma om na te gaan nie.

92 Maar wanneer jy regtig gebore is onder die vleuels van Sy genade en krag, sal jy saamstem met elke Woord wat Hy gesê het, die Waarheid is. En wanneer God beweeg in die bonatuurlike, sal jou hart reguit Daarna honger.

93 Jy sal nie na die een kant gaan en sê: "Verstandstelepatie! 'n Duiwel! Beëlsebub! Ek glo Dit nie. My kerk leer Dit nie."

94 Jy sal sê: "Prys God vir ewig," want jy's gevul. Jy kan nie leeg bly nie.

95 Leeg is ledigheid. Dis wat die probleem is met die bekeerlinge vandag. So gou as wat jy bekeer word, begin jy ledig raak. Jy behoort daar oorkant op jou knieë te wees, God te soek vir die doop van die Heilige Gees, om gevul te word. Dan het jy 'n muur, Sy geseënde Teenwoordigheid met jou. En wanneer die vyand inkom, soos die leeu in die kuil daardie nag, saam met Daniël, skyn die Lig van God uit en hy gaan weg van jou. "As die goeie man van die huis dit nie omsingel het nie." Sekerlik.

Nou, verenig, op die Pinksterdag.

96 Of, net voor dit, is die dissipels heeltemal skoongemaak, al hulle sondes is vergewe. En Jesus, die Herder, die ou hen, soos dit was, soos Hy gesê het Hy "sou hulle vergader het soos 'n hen," Sy kuikens. Toe, toe die gees van die Duiwel weggehou is, gewag het vir die vullingstyd.

97 En, tog, in dit alles, net twaalf mans, een van hulle het die salwing van die Duiwel gekry, en nadat hy Jesus al daardie goeie werke sien doen het. Hy was die einste een wat die soldate gelei het om 'n doek om Sy kop te sit, en Hom oor die kop te slaan met 'n knuppel of 'n stok, en te sê: "Sê vir ons wie U geslaan het. Ons sal U glo." Nadat hy Jesus gevolg het en Sy wonderwerke gesien het en gehoor het. Die Jood het opgekom, en Jesus het vir hom gesê wie hy was, waar hy vandaan gekom het. Nadat hy dit alles aanskou het, het hierdie selfde man dit betwyfel, nadat hy Hom by die put van Samaria gesien het, saam met die vrou, haar haar sondes vertel het. En die Fariseër hoor sê het: "Hy's 'n fortuinverteller." En toe, nadat hy die lieflike Jesus gesien het, die vrou Sy kleed sien aanraak het,

en genees is, wou hy steeds nie glo nie. Hy het toegelaat dat 'n gees van ongeloof na hom kom, omdat hy onderrig was aan die buitekant. Sien wat ek bedoel?

98 O, wat 'n verskriklike ding is ongeloof! En tog, mense wat Christelikheid bely, wat met dit in hulle sit. "Hoofdig, hoogmoedig," het die Bybel gesê: "in die laaste dag." Voel ek vreemd daaroor? Nee, meneer. Dit laat my dit weet, dat die endtyd op hande is. Want die Bybel het gesê: "Die Gees spreek uitdruklik," julle weet wat die woord *uitdruklik* beteken: "dat in die laaste dae," dat hierdie: "gevaarlike tye sal kom, want die mense sal liefhebbers van hulleself wees."

99 "Ek's Dr. Ph.D. Jones, en my—my kweekskool ondervinding. Ek—ek het al my grade. Ek is 'n LL, dubbel L, D. Ons pastoor is *dit*, *dat* alles." Dit het nie een ding te doen met God nie.

100 Daar het 'n man na my gekom, nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham, ek kan jou muur beplak met grade." En gesê: "Elke keer, wanneer ek my doktorsgraad gekry het, het ek gedink ek sou Christus vind. Toe ek my letterkunde graad gekry het, toe ek my baccalaureus graad gekry het, het ek gesoek na Christus in dit alles. En ek het Hom nog nie gevind nie." Hy het gesê: "Was die leraars verkeerd?"

101 Ek het gesê: "Christus word nie geken deur hierdie teologiese grade nie, maar Hy word geken in die persoon van die Heilige Gees wat afgekom het op die Pinksterdag."

102 En die man het oor my koffietafel geval, in my eetkamer, en daar die Heilige Gees ontvang. Amen. Op die veld vanaand, Goddelike genesing aan die preek, wat een van die uitsonderlike manne van die dag is. Wat het die kerk gedoen? Hom geëkskommunikeer, baie vinnig. "Geseënd is julle wanneer hulle julle uit die sinagoges en dinge sit, om My Naam's ontwil."

103 Wat die Bybel gesê het: "Hulle sal hoofdig, hoogmoedig wees." Wanneer? "In die laaste dae. Liefhebbers van televisie, plesiere, meer as die liefhebbers van God. Onversoenlik, kwaadsprekers."

104 "Nou ek sê jou. Moenie afgaan na daardie diens nie, want daar's niks daaraan nie." Kwaadsprekers! Die Bybel het so gesê. "Wat 'n vorm van godsaligheid besit, maar die krag daarvan ontken." Watter krag is dit?

105 Die dissipels het gevra. Net 'n oomblik. Die dissipels het hierdie vraag gevra toe hulle daardie Judas Hom sien verloën het en alles op hande was. Hulle het gesê: "Here, sal U op hierdie tyd die koninkryk van Israel herstel?" Kyk wat Hy gesê het. "Dis nie vir julle om die uur te ken nie. Maar gaan op na die stad van Jerusalem, en julle sal aangedoen word met krag van Omhoog

voordat julle 'n getuie kan wees." 'n Getuie moet iets weet. 'n Getuie moet 'n ondervinding hê. En jy kan nie 'n getuie van Christus wees totdat die Heilige Gees jou gedoop het nie.

106 Jesus wou nie Sy dissipels toelaat om die Evangelie te preek totdat hulle die Heilige Gees ontvang het nie. Tog, was hulle geëerd om saam met Hom te wandel, drie-en-'n-half jaar. Hoewel hulle heilige mans was, aanvaar in Sy aangesig, maar Hy wou hulle nie laat preek voordat hulle daarbo gewag het, en al die verskille uit die hulle gekry het, en toe het die Heilige Gees gekom.

107 Wat die wêreld vandag nodig het, is dieselfde vervulling. Wanneer die leegmaak kom, het dit 'n vervulling nodig. Wat maak daardie vulling wanneer Dit inkom? Waar jy twyfel het, bring dit geloof. Waar jy onverskilligheid het, bring dit liefde. Waar jy haat het, bring dit gemeenskap.

108 En dan, wanneer, die Kerk van die lewende God sal eendag verenig word onder een groot Hoof, en dit sal die—die Hoof van God wees. God, en in 'n eenheid van die Liggaam van Christus, sal die Heerser en die Koning en die Here wees, oor die hele Kerk, onder Sy beheer. Dan sal Sy opgeneem word.

109 Vandag, al die torings van Babel wat hulle mag bou, al die vuurpyle wat hulle mag vind, al die sosialisme en kommunisme wat hulle mag oproer, al die geestelike stelsels sal faal. Maar ten spyte van dit alles, sal God 'n Kerk verenig onder Sy Koning, onder Sy Koningskap, deur die doop van die Heilige Gees.

110 Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; met nuwe tale praat. As hulle slange opneem of enigiets dodeliks sal drink, sal dit hulle nie skaad nie. Hulle sal hulle hande op die siekes lê, hulle sal gesond word." Groot tekens en wonders! "Die werke wat Ek doen sal hulle ook doen. Selfs meer as hierdie sal hulle doen, want Ek gaan na die Vader. 'n Rukkie en die wêreld sien My nie meer nie, tog sal julle My sien, want Ek sal met julle wees." Wat? Gooi uit, maak leeg. "Dan sal ek in julle wees, tot die einde van die wêreld, die voleinding." Sekerlik. "Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld."

111 Wanneer daardie Gees daarbinne is, kry Dit God se Ewige Woord beet, en Dit noem enigiets teenstrydig Daarmee asof dit nie was nie, maak nie saak wat gebeur, wat die wêreld sê, wat enigiets anders sê nie. As God die belofte gemaak het, sal die man wat daardie Gees ontvang het, vashou aan daardie belofte van God, want daar's niks anders in sy pad nie.

112 Die Kerk is suiwer. Die Kerk is gereinig deur die Heilige Gees. Hulle gewete, die vrese van twyfel en ongeloof is weggeneem. En wanneer hulle God se Woord 'n sekere ding hoor sê, glo hulle Dit. O! Hulle hou Daaraan vas. Hulle beweeg net nie Daarvan weg nie.

113 En die wêreld vandag, my vriend, wil mense sien wat verenig is met Christus, om die ware egte Gees van Christus te toon. Dapper helde!

114 Ter afsluiting, mag ek sê, die wêreld wil helde sien. Hulle eer helde. Dis goed. Die ou gesegde is, dat: "Lafaards sterf 'n miljoen keer, terwyl helde nooit sterf nie."

115 Daar's 'n storie wat ek onthou. Ek wil dit graag vir julle aanhaal net vir 'n paar oomblikke. Dis 'n storie van 'n held wat te dikwels vergeet word. Baie van julle mans, my ouderdom, en julle vroue, julle sal dit goed onthou in ons skoolboeke.

116 Dit was baie jare gelede, in Switserland. Die Switserse mensies het opgegaan in die berge en vir hulself 'n paar huise gebou. Hulle het hulle eie ekonomietjies gehad, ensovoorts, hulle huisies. En hulle het hulle liefgehad. Hulle was nie 'n strydlustige volk nie. Hulle was vredeliewende mense.

117 En meteens, eenkeer, het in Switserland ingekom, 'n groot magtige leër. En hulle was goed opgeleide manne, wat net gesit het soos daardie sitplekke daar, net soos 'n baksteenmuur; groot skilde, groot spiese, goed opgeleide krygers. En hulle het in Switserland ingemarsjeer gekom, om te neem wat die Switsers gehad het.

118 En die Switsers, om hulle huise te beskerm, hulle vroue totsiens gesoen, en hulle vroue en babatjies, het hulle ou stukke senslemme geneem, stokke rotse en klippe, yslike groot ou knuppels, en afgegaan in die vallei, om die aankomende leër te ontmoet. En toe hulle daarbuite bymekaar gekom het, net 'n klein handjievol manne, en oral om hulle was 'n groot marsjerende leër. Wat kon hulle doen? Hulle het hopeloos gestaan, hulpeloos, een wat na die ander gekyk het. Hulle was verslaan. Daar was geen manier daarom nie. Hulle was klaar.

119 Naderhand, was daar 'n man met die naam van Arnold von Winkelried. Hy het uitgestap, en hy het gesê: "Manne van Switserland, oorkant die berg is 'n klein wit huisie waar my vrou en drie kindertjies wag." Gesê: "Toe ek hulle totsiens gesoen het vanmôre, sal ek hulle nooit weer sien op hierdie aarde nie."

120 Hulle het gesê: "Arnold von Winkelried, wat gaan jy maak?"

Hy het gesê: "Vandag, sal ek sterf vir Switserland."

121 "Wel," het hulle gesê: "Arnold von Winkelried, dit sal nie help nie. Waarom sê jy jy sal sterf vir Switserland?"

122 Hy het gesê: "Julle neem wat julle het; ploegskare, klein ou sekels, stokke en klippe, rotse." Gesê: "Volg julle my, en julle veg die beste wat julle kan met wat julle het."

Gesê: "Wat gaan jy maak?"

123 En hy het sy sekel neergegooi, sy ding waarmee hy sou veg. Hy het sy hande opgesteek, en hy het aan daardie groot leër geskree.

124 Hy het omgekyk. Hy het gesien waar die dikste spiese was. Net almal in gelyke getal, wat reg teen die berg marsjeer, aan, aan. (O, dis hoe die Duiwel dit doen.) Hulle reg in die hoek inmarsjeer.

125 Hy het sy hand opgelig, en hy het geskree: "Gee pad vir vryheid!" En die aankomende leër het gewonder wat. En hy het begin hardloop, en hy het weer geskree: "Gee pad vir vryheid!"

126 En toe hy reg in hierdie yslike groot klomp spiese ingegaan het, waar baie gerig het, om hom te vang, het hy sy arms uitgegryp soos *hierdie*, en het 'n hele armvol van daardie spiese gekry en dit in sy bors ingetrek. So 'n vertoon van ware heldhaftigheid, dit het die groot leër ontwrig, en dit het hulle op die vlug laat slaan.

127 Hier kom die Switsers met knuppels en stokke, en slaan daardie leër uit hulle volk uit. En hulle het nooit 'n oorlog gehad van daardie tyd tot hierdie nie, omdat een man die rol van 'n held gespeel het en gedoen het wat reg was. Dit is nooit geklop, of baie dikwels mee vergelyk, as heldhaftigheid nie.

128 Maar, o, dis so 'n klein dingetjie, teenoor eendag, baie jare gelede, toe Adam se kinders, die ras van hierdie wêreld, in die hoek gedryf was, met siekte en kwale en sonde. Hulle is profete gestuur en het hulle doodgemaak. En hulle, alle soorte van wette, en hulle geweier. En Adam se ras was in die hoek gedryf.

129 Daar was Een Wie uit die Hemel uitgestap het, en gesê het: "Ek gaan af na die aarde vandag, om My lewe te gee." Hy het gevind waar die digste pyle was. En die vrese van Adam se ras was die dood. Hy het die dood gegryp, soos Hy na Gólgota gegaan het, en dit in Sy bors ingetrek.

130 En Hy het vir die dissipels gesê: "Maak nou leeg. Gaan oorkant na . . . Wag daarbo totdat Ek vir julle Iets terugstuur om mee te veg." Geseënd is . . . Verskoon my. Geseënd sy die Naam van die Here. Hy het die Heilige Gees gestuur, en gesê: "Volg My. Kap sonde en siekte teen die muur."

131 Mans en vroue, die grootste ding wat ooit gegee is aan die Kerk van God is nie om vas te hou aan een of ander geestelike papier in jou hand nie, maar gevul te word met God se Heilige Gees, en die koninkryk van die Duiwel te kap totdat ons Hoof Kaptein kom om oor te neem.

132 God seën julle. Moenie dink ek is buite myself nie. Dis waar. Ek weet waarvan ek praat. Mans van eer; vroue, julle wat glo in God; julle wat aanspraak maak om die Gees van God in julle hart te hê. As julle siek of behoeftig is, julle het die wapen daar om daardie siekte mee te beveg. Dis in julle. God het dit aan julle gegee.

133 Hoekom sal ons terugstaan soos 'n lafaard? Waarom sal ons op die kantlyn staan? Laat ons die Kaptein volg. Laat ons Hom

volg wat na Gólgota gegaan het. Toe Hy na Gólgota gegaan het, "Is Hy deurboor vir ons ongeregtigheid. Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."

134 Neem wat Hy julle gee, en beveg siekte en sonde. Veg ongeloof weg. Sê vir die Duiwel hy's 'n leuenaar. Christus het gesê Hy het die wêreld oorwin. "Groter is Hy wat in julle is, as hy wat in die wêreld is." Groter is die krag van Christus, in julle, as daardie siekte wat jy vanaand in jou liggaam het. Groter is die krag van Christus, as daardie klein, omringende sonde wat jy nie kan oorwin nie. Laat ons daardie Heilige Gees neem en die Duiwel beveg, en triomfantlik uitstap, as die helde van die kruis.

Laat ons bid.

135 Jehova, Jehova-rapha, Jehova-jireh, ons kom in Jesus se Naam. Ons kom omdat Hy gesê het: "Vra die Vader enigiets in My Naam, Ek sal dit doen."

136 Hier is 'n groepie mense hier, vanaand, wat aansteier, onder die banier probeer bly, en die Duiwel sis na hulle. Hulle kyk daar uit na daardie groot gestapelde leër wat regom hulle is, en vir hulle sê: "Die dae van wonderwerke is verby, en daar is nie so-iets nie."

137 O Here God, mag hulle daardie Ewige Lewe beetkry wat hulle hart gevul het, die Heilige Gees. En as Hy hulle nie gevul het nie, mag Hy dit net nou doen. Mag al die twyfel verdwyn. En mag hierdie liggaampie mense, vanaand, gevul word met God se vervullingskrag, om die plek van ongeloof en twyfel in te neem. En gee hulle geloof, en liefde, en geluk, en vreugde, en die Heilige Gees, om daardie belofte wat God gegee het beet te kry, soos Abraham van ouds, en die dinge te noem, wat nie is nie, asof hulle is, omdat God so gesê het. Skenk dit, Here.

138 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, oral in hierdie gebou, wonder ek of daar 'n persoon hier sou wees sonder die Heilige Gees vanaand, sou sê: "O Here, wees my genadig. Ek is skaam dat ek om hierdie torings van mensgemaakte geestelike stelsels rondhang, van al hierdie twyfel en dinge wat hulle daarmee saam voortbring. Here, neem my uit hierdie heerskappy, vanaand, en plaas my in U heerskappy deur die doop van die Heilige Gees. Ek wil Dit nou hê, Here. Gee my geloof om te glo vir my genesing. Gee my geloof om te glo my sondes is weg, en al hierdie dinge. Gee my geloof sodat die Heilige Gees in my sal inkom en net my siel sal oorvloei met vreugde." Sal jy jou hande opsteek na Hom en sê: "Ek wil dit ontvang"?

139 God seën jou, dame. God seën jou, jou, jou, jou. Regoor die gebou. God seën jou daaragter, dame. Ek wag. God hou dop. En julle hier oorkant, hierdie hele ry hierbinne. Ja. God seën julle.

140 "Ek wil die Heilige Gees hê. Ek is moeg, van rondgaan, 'n halfpad lewe. Humeure, en stryery en bakleiery, en

vertwyfelings en vrese is oral in my hart, Broer Branham, maar ek wil dit alles uithê. Ek wil ’n punt bereik waar ek ’n skynende lig kan wees. Ek wil hê ek moet wees, my lewe, wees soos Stefanus, hoe hy vreesloos was.”

141 Hulle het gesê sy gesig het geskyn soos ’n engel. Dit hoef nie ’n helder lig te gehad het nie. ’n Engel sou streng gewees het. Hy weet waarvan hy gepraat het. Hy het gestaan voor daardie Sanhedrin Raad en gesê: “Julle hardnekkige, onbesnede, die hart en ore! Julle weerstaan die Heilige Gees. Soos julle vaders het, so maak julle ook.” Was ’n engel. Hy het ’n boodskap gehad. Die woord *engel* beteken “boodskapper.”

142 “Gee my, maak my ’n boodskapper, Here, van die Goddelike krag van Christus, deur die Heilige Gees in my hart.” Sal jy jou hand opsteek, iemand anders wie nie het nie?

143 Die seëninge op jou, meneer. Seëninge op jou, jong dame. God seën jou, jong man. Die Here sien jou. Goed. Reg.

144 Nou met julle hoofde gebuig, laat ons bid vir God om julle vul met die Heilige Gees, net waar julle is.

145 “Broer Branham, wil jy hê ek moet afkom, my hande op jou lê, vir die Heilige Gees?” Ek hoef nie.

146 “Terwyl Petrus hierdie Woorde gespreek het, by die huis van Cornelius, het die Heilige Gees op hulle geval wat die Woord gehoor het.” “Geloof kom deur die gehoor,” nie die oplê van hande nie, maar die gehoor: “gehoor van (wat?) die Woord van God.”

147 Ek het probeer, op my nederige manier, om julle die torings te wys wat gebou word, die Babiloniese torings wat moet val. En ek wys julle na ’n Toring. En daar’s net een pad Daarnatoe, dis deur die Heilige Gees.

148 Jy kan nie neutraal sit nie. Die Bybel het gesê, in hierdie dag, dat: “Elke mens wat nie geseël is met die Heilige Gees nie, sou die merk van die dier hê.” Wat is die merk van die dier? Ongeloof. Weet julle nie wat hulle. . .as julle pastoor julle geleer het. In die Ou Testament, wanneer die trompet weerklink het, as die man wou vrygaan, kon hy vrygaan. As hy nie het nie, sou hy stap na die paal en ’n els het deur sy oor geboor, omdat hy geweier het om vry te gaan. En as jy weier om vry te gaan, dan sal jy die verdrukker dien die res van jou dag, is jy verlore.

149 “Wat’s die seël van God, Broer Branham?” Die Heilige Gees.

Jy sê: “Is dit Skriftuurlik?” Absoluut, baie van hulle.

150 Laat my vir jou een gee dat julle dit nie vergeet nie. Efésiërs 4:30 het gesê: “Bedroef nie die Heilige Gees van God, waarmee julle verseël is tot die dag van julle verlossing nie.” Daar’s die Seël van God. Dis wat ek julle probeer sê. Julle het gesoek na die Seël van God, om te kom in die laaste dag. Dis nie op julle voorkop nie. Deur te sê dit was op julle *voorkop* is

julle "kennis, om te verstaan." Maar die Bybel het gesê die Seël van God is die doop van die Heilige Gees. En elkeen wat Dit het, hulle harte is vry. Hulle is geseël deur die kennis van God, in hulle voorkop, dat hulle wel weet dat Jesus dood is en weer opgestaan het, omdat hulle Hom kan sien.

151 "'n Rukkie, en die ongelowiges sal My nie meer sien nie, tog, sal julle My sien," diegene wat die Seël het: "want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot die einde van die wêreld. Die werke wat Ek doen, sal julle ook, selfs groter as hierdie, want Ek gaan na My Vader."

152 Die ongelowige wêreld wandel voort in uiterste duisternis, om een of ander toring van Babel. 'n Aanraking, en hulle is iets soos om een of ander bygeloof, een of ander sekte. Terwyl die ware gelowige die tekens en wonders het, en dis verberg van die oë van die ongelowige. Maak nou julle harte oop en laat Hom inkom.

153 Gaan die predikers vra, ook, in die geboue, om veral op hierdie tyd te bid.

154 Hierdie is 'n groot oomblik. Hierdie oomblik sal die bestemming seël, sonder twyfel, van baie. Een siel, tienduisende wêrelde werd! Hoe groot is hierdie oomblik.

155 Here God, Skepper van hemele en aarde, Jehova, reik net nou af deur die genades van die Here Jesus, die Geseënde, en giet die Heilige Olie van U Gees in elke hart hier, diegene wat honger. Dit is geskryf in die Bybel: "Terwyl Petrus hierdie Woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval." Geen wonder; hulle was almal dors. U het gesê: "Geseënd is julle wanneer julle honger en dors na geregtigheid, want julle sal gevul word."

156 Hoe kan ons met mense praat oor Christus wanneer hulle nie dors na Hom nie? Wanneer, hulle sit in hulle mensgemaakte gedagtes, en tevrede, en nie weet dat hulle "ellendig, beklaenswaardig, blind en arm is, en dit nie weet nie."

157 God, wees genadig, vanaand, aan diegene wat hulle hand opsteek, diegene wat gewillig is vir die Heilige Gees om in te kom. Mag Hy kom, afkom met die strome van Sy seëninge nou, uitstort in elke hart, en hulle vul tot 'n oor-, oorvloedige vreugde, dat hulle mag weet Hy lewe. Gee hulle begrip van hoe om U te aanvaar. Gee hulle begrip dat U daar is, meer gretig om in hulle hart in te kom, as wat hulle is om U te hê.

158 Mag elke klein snaakse gevoeletjie, elke duiwel wat rondsit, sis: "Nou, jy sal Dit nie ontvang nie. Jy sal Dit nie ontvang nie." Mag hulle daardie duiwel "'n leuenaar" noem. God het die belofte gemaak, en God sal Sy belofte hou. Maar hoe kan ons, wanneer ons heeltemal ingetrek sit soos 'n skilpad in sy dop?

159 Ek bid, God, dat U hierdie skare mense sal losmaak, en die Heilige Gees sal afstuur uit die Hoogte, met 'n groot magtige

ruk op hulle. Mag hulle harte nou oop wees. En as hulle net die Heilige Gees kan ontvang, Here, sal Hy aan hulle aankondig dat alle seëninge van God aan hulle behoort. Skenk dit, Vader, in die Naam van die Here Jesus. Amen.

160 Het julle Hom nie lief nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle dat Hierdie die Waarheid is? ["Amen."] Ek's nie te veel van 'n kerklike prediker nie. Ek . . . Maar wat ek . . .

161 As ek net kan uitdruk wat ek in my hart sien! Ek sien die endtyd. Ek weet die Boodskap is waar. As ek gesterf het hierdie uur, is die Boodskap waar. Sien? Ek glo dat die oë van die mense, baiekeer, verblind is. Maar, God is regverdig, in elke eeu. Hy het Noag gestuur. Hoeveel is gered? Hoeveel is gered in die dae van Lot? Jesus het gesê: "So sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Sekerlik, sien, net 'n paar. Maar die Boodskap het voortgegaan, in elk geval.

162 Nou luister. Hoeveel glo dat God hier is? Laat ons julle hand sien. Hoeveel glo dat Hy *Jehova-rapha* is: "die Here se voorsiende offer"? Hoeveel glo Hy's *Jehova-jireh*: "die Here wat jou genees"? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

163 Luister, vriend. Te veel keer, was my bediening in Amerika nie baie kragtig nie, omdat dit lyk asof die mense so—so verward is. Een leer een ding, en een 'n ander, in plaas van om te gaan sit en die Bybel te neem en Dit te lees vir jouself, sien, en oortuig te word deur die Heilige Gees. Nou, kyk, jy het nie nodig . . .

164 Julle is geleer: "Mense lê hande op julle." Dis in die haak.

165 My bediening is om te getuig van die bewys van Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het.

166 Nou, party van julle het gedink Dit was verstandstelepatie. Julle het julle briewe ingeskryf vandag en so gesê. Gisteraand, het ek die mense gevat wat gebedskaarte gehad het, en hulle weggewys, en net diegene geneem sonder gebedskaarte.

167 Vriend, laat ek vir jou sê, as 'n dienaar van Christus. Hier sit Gene en Leo, my boesemvriend. Hier is Dr. Vayle. My seun, Billy. Daar is Broer Sothmann, die Kanadese bestuurder. Broer, Broer Norman, die een wat hierdie byeenkoms gereël het. Baie mans. Bel my stad. Bel die burgemeester van die stad, Mnr. Hodenpehl. Bel die regter. Bel die polisiemag. Bel Dr. Sam Adair, die grootste dokter in die Suide, die groot kliniek. Vra hulle watter soort en watter visioene plaasvind. Vra hulle of dit waar is.

168 Bel Dr. Sam Adair, vanaand, vra hom wat hy doen wanneer hy op 'n moeilike plek beland. Hy kom na my huis toe, gaan op sy knieë, en daar lê hy voor God, ek en hy, tot God 'n visioen wys. En vra hom of dit ooit een keer gefaal het. Bel hom, op my onkoste.

169 Dr. Sam Adair bestuur 'n groot kliniek daar. Vra hom hoe het hy ooit die kliniek daar gekry. Toe hy bo by my huis was,

aan die huil, en gesê het: "Die stad het 'n kliniek nodig." En ek het vir hom gesê net waar dit gebou sou word, en hy sou dit bou. Gesê: "Jy—jy kan nie daardie plek koop nie," gesê: "vyf-en-twintig jaar van nou af. Dis in howe in Boston."

170 Ek het gesê: "SO SPREEK DIE HERE. Dit sal joune wees voor vier-en-twintig uur." Ek het gesê: "Jy sal 'n kliniek daar hê, sal gemaak word uit rooi bakstene. Jy sal 'n bord by die deur hê, ensovoorts, en soos dit."

Hy het gesê: "Billy, ek sal jou nie betwyfel vir enigiets nie, seun."

Ek het gesê: "Die Here het dit vir jou gegee, dokter."

171 Bel hom, vanaand, en vra hom wat gebeur het. Die volgende oggend het hy my gebel, gesê: "Ek vries dood. Hulle het my pas gebel. En iets het gisteraand gebeur, en ons het die plek alreeds gekoop."

172 Vra oor die gevalle wat hy soontoe gestuur het met kanker, opgeëet, glad geen hoop nie. Ons sal oor hom bid. Hulle sal my uit die hospitaal uitjaag. Ons sal in die kamer ingaan en die deur toemaak. Die Here sal 'n visioen wys, óf te sê net wanneer hulle gaan of net wat sal gebeur. Vra hom of dit ooit gefaal het.

173 Hierdie is net gering hier. Hierdie is die. . .Hierdie is die minste wat ek ooit gesien doen is in enige van my dienste. Dis reg. Ek het alles probeer om die ding gebreek te kry. Ek het opgekom, en jy het gedink: "gebedskaarte." Ek het die gebedskaarte omgedraai. Ek probeer alles. Ek is hier as julle dienaar en julle broer, hierdie dinge hier.

174 Hier is Banks Wood wat hier iewers sit, my boek verkoopsman.

175 Leo, Gene, hier is twee seuns hier, een 'n Katoliek, en die ander een dink ek nie het aan enigiets behoort nie. Toe hulle gekom het na Hammond, Indiana, en die Heilige Gees gesien het, in daardie duisende van mense, wat uitroep, 'n paar jaar gelede. Een van hulle het 'n yslike groot baard gekweek. Hulle het vir hulleself 'n F.B.I. van hulle eie gevorm, om af te kom om te sien of daardie ding reg was. Opgekom na my huis, voorgestel as evangeliste, ensovoorts. En die Heilige Gees het reguit afgegaan en dit uitgeroep. Hier is hulle, sit nou hier. Sien?

Hoekom kan julle Dit nie verduur nie? Wat's die probleem?

176 Mnr. Woods, hy's hier iewers, hy het my vertel, sit net hier. Ver onder in Louisiana, het ek hom sien seerkry. Hom op die telefoon gebel, en hom gesê om uit te kyk. Die volgende dag, het hy sy duim afgesny. Hy sou sy arm afgesny het; die Heilige Gees. 'n Paar aande gelede, toe ek in Chicago was, het ek hom gesien in rook, en hom gesê om versigtig te wees. Hy sou loodvergiftiging gekry het net daar. En het in daardie klomp rook ingegaan, en amper gesterf net daar.

177 Vra hoe dinge voorspel word, week na week, en maande na maand, voordat hulle ooit gebeur.

178 Lateraan, die week, sal ek julle wys wat dit is. Hierdie is julle eie geloof; en dis waarom dinge nie kan plaasvind nie. Dis julle wat uit die Heilige Gees trek. Die . . . Jesus het nooit 'n visioen vir die vrou gesien nie. Dit was haar geloof wat Hom aangeraak het. Dis waarom Hy swak geword het. Dis julle geloof wat dit doen, nie myne nie. Dis julle wat dit doen. En as julle daardie spookagtige gevoelens van julle kan wegkry, en regtig God glo, sal hierdie ding uitbreek in een yslike groot halleluja herlewing, en die lam, blind, kreupel, en alles sal plaasvind. Maar solank julle opgehok sit, hoe kan Hy dit doen?

179 Ek glo daarin om konserwatief te wees. Maar, nie net dit nie, daardie konserwatiewe ding gee jou 'n gees van bygelowigheid. Moet my nie sê nie. Ek staan nou hier. Ek weet waarvan ek praat. Die Heilige Gees is reg in hierdie gebou, reg nou, sal elkeen van julle genees net waar julle sit, as julle dit sal glo. Hy het dit alreeds gedoen. Hoeveel glo dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle dit? ["Amen."] Goed.

Ek sal sien hoeveel julle glo.

180 Buig julle hoofde net 'n oomblik. Lê jou hand op iemand naby jou. Kom nou net weg van elke bygeloof. Julle is onder die heerskappy van Christus. "Waar ook al twee of drie in My Naam vergader, sal Ek in hulle midde wees."

181 Julle mag my 'n huigelaar noem, maar julle sal uitvind binne 'n oomblik. Ek sien mense net nou wat genees word, dis reg, net nou. Julle mag dit nie net nou besef nie. Maar as pastore in hierdie gebou nie mense sien kom na hulle nadat ek weg is nie, hulle vertel dat maagprobleme en sulke dinge hulle verlaat het nie, is ek 'n valse getuie. Reg. Dis reg. Ek sien dit. Ek kyk nou daarna, in 'n ander wêreld.

182 Glo julle. Glo julle. Sekerlik, as 'n arme onkundige Hottentot in Afrika, wat nie eens weet watter regter of linkerhand is nie, Dit kan aanvaar, wat van julle wat die Bybel kan lees en in Christelikheid geleer word? As daardie arme kêrel moet glo, deur net eenkeer Daarna te kyk, omdat ek die volgende dag iewers anders moet gaan, en duisende opstaan uit rystoele, en kreupeles en blindes, en wat van julle?

183 O God, hoe genadig is U: "Hoe lankmoedig, nie gewillig dat enigiemand moet vergaan nie."

184 Nou sit, ingesluit met God. Bely julle sonde. Bely julle ongeloof. Vertel God julle is skaam vir julleself, van julle ongeloof. Ek daag julle uit om dit te doen, en julle sal die heerlikheid van God sien.

185 Ek voel gesalf nou om iets anders te doen as wat ek ooit gedoen het. Ek het hierdie nog nooit gedoen, in my lewe nie, maar ek voel gelei om dit net nou te doen.

186 Bely julle sonde net nou. Jy sê: "Wel, ek's 'n Christen." Bely jou ongeloof. Vertel vir Christus dat jy Hom nooit weer nie sal glo nie. Net nou aanvaar jy Hom. Net nou gaan dit verby wees. Jy gaan nie meer daaroor kla nie. Maak nie saak waarna dit lyk, waarna dit voel nie, jy gaan Dit glo, want God het so gesê. God het so gesê.

187 Jy het uit Babilon se toring gekom. Jy het uitgekom in die vallei waar die Lelie van die Dale is. Jy het gekom na die berghang waar die genade van God vrylik vloei uit die Fontein van die Lewe.

188 Bely julle foute. Sê: "God . . ." As jy enigiets aan iemand gedoen het, sê: "Ek sal teruggaan en dit regmaak." Doen dit nou.

189 Ek wil hê elkeen van julle nou, soos ek hierdie gebed sê, wil ek hê julle moet dit bid. Sê julle dit hard, saam met my. Ek gaan dit net sê, maar bid julle dit uit julle hart, met julle hoof gebuig, oë gesluit, almal. Moenie julle kop optel totdat ek so sê nie. Ek kyk net om te sien wat ek kan sien. Sê dit, agter my aan.

190 Almagtige God, [Gemeente sê: "Almagtige God,"] Skepper van hemele en aarde, ["Skepper van hemele en aarde,"] Outeur van ewigdurende Lewe, ["Outeur van ewigdurende Lewe,"] Gewer van elke goeie gawe, ["Gewer van elke goeie gawe,"] wees my genadig, O God. ["wees my genadig, O God."] Vergewe my ongeloof. ["Vergewe my ongeloof."] Ek glo die Evangelie. ["Ek glo die Evangelie."] Ek glo dat U hier is. ["Ek glo dat U hier is."] Ek glo dat U nou U Woord uitvoer ["Ek glo dat U nou U Woord uitvoer"] in my liggaam. ["in my liggaam."] Maak die kanale oop. ["Maak die kanale oop."] Ek gooi my ongeloof uit. ["Ek gooi my ongeloof uit."] Ek ontvang U Gees. ["Ek ontvang U Gees."] Ek glo dat U nou in my is. ["Ek glo dat U nou in my is."] Ek glo my siekte sal verdwyn. ["Ek glo my siekte sal verdwyn."] Hoe kan dood en lewe ["Hoe kan dood en lewe"] in my liggaam bestaan ["in my liggaam bestaan"] wanneer U daarin is? ["wanneer U daarin is?"] Ek glo U. ["Ek glo U."] En ek aanvaar U nou ["En ek aanvaar U nou"] as my Geneesheer. ["as my Geneesheer."—Red.]

Nou hou julle hoofde gebuig.

191 Dis julle gebed. Dis julle gebed. Nou gaan ek vir julle bid. Bly ingesluit. Bly ingesluit met God. Moenie nou enigiets anders op julle gedagte kry nie. Hy's reg by jou, reg daar langs julle. Julle sê: "Ek wil die Heilige Gees hê, Broer Branham." Goed. Hy's net daar om Dit te gee. Jy sê: "Ek wil genesing in my oë hê, Broer Branham." Hy's net daar om dit te gee. "Ek wil my baba genees hê." Hy's net daar om dit te doen. "Ek wil my broer, my moeder hê." Hy's net daar om dit te doen, net daar. Jehova-jireh, die voorsiende Offerande!

192 Nou gaan ek vir julle bid. Die Bybel het gesê: "Die gebed van geloof sal die siekes red. God sal hulle oprig." As ek

genade gevind het in julle oë, deur die werking van die Heilige Gees, sal ek nou met my hele hart bid dat die Heilige Gees aan julle sal getuig dat die werk voltooi is.

193 O God, my Vader, ek kom in Jesus se Naam, om te bid vir hierdie mense wat nou eerlik en opreg hulle ongeregtighede bely het. O geseënde God, mag hierdie 'n aand wees wat hulle nooit sal vergeet nie. Mag die Heilige Gees in elke hart inkom, net nou, en net alles uitbeweeg, alles, en al die siekte vanuit hulle liggaam.

En nou daag ek die Duiwel uit tot 'n debat.

194 Satan, jy is bewus dat jy verslaan is. Jy het geen wettige regte nie. Jesus Christus, my Here, het jou gestroop van elke gesag wat jy gehad het, toe Hy by Gólgota gesterf het om sonde en siekte weg te neem. En jy's niks behalwe 'n bluf nie, en ons ontmasker jou. Jy weet dat toe ons Here na die boom gekom het, Hy die boom vervloek het, volgende dag, was dit verdroog. En ons Here het aan Sy dissipels gesê: "Glo in God. Want as julle sal sê, julle sal sê vir hierdie berg: 'Word verskuif,' nie twyfel in julle hart nie, maar glo wat julle gesê het sal gebeur, kan julle kry wat julle gesê het."

195 Satan, jy ken die Skrif daaroor. En ek het pas die mense geleer, dat, God in hulle is. En as God in hulle is, en hulle spreek tot daardie siekte en sê: "Gaan weg van my," en nie twyfel in hulle hart nie, sal daardie siekte net dan beweeg, want Christus het so gesê. Want, dis nie hulle wat spreek nie, dis die Vader wat in hulle woon, wat spreek. Hulle is in nood. So, kom uit hulle, in die Naam van Jesus Christus. Ek sê, as God se dienaar, deur 'n Boodskap van 'n Engel, Wie gesalf het, en bewys het aan die mense dat Jesus hier is en die Boodskap reg is. So, kom uit hulle uit, in die Naam van Jesus Christus. Ek beveel jou om elke siek persoon te verlaat en in die buitenste duisternis in te gaan, in die Naam van die Here Jesus Christus.

[Die Gedruis van die Heilige Wind word gehoor—Red.]

196 Het julle Dit gehoor? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Ek is seker julle het Dit gehoor. Hoeveel het daardie groot Gedruis gehoor wat deur die gebou gegaan het net toe? Dit was Dit. Sekerlik sal julle nie enigsins langer twyfel nie. Dit was God, wat terugpraat. Kan julle nie sien nie? [Gemeente juig.]

197 Staan op. Glo julle julle is genees? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Glo julle dat God gebed beantwoord het? Steek julle hande op na Hom. Dank Hom daarvoor. [Gemeente juig.] Dis verby. Julle is genees.

198 Jesus het gesê: "As julle sal *sê*." Wat is dit? Wanneer julle uit Babilon is, is julle onder ongeloof uit. Julle is uit onder bygelowe. Julle is uit onder al hierdie dinge. En julle is gevul met God se Eie Lewe. Julle stem is Sy Stem. Julle is.

199 Ek het dit gespreek. In my kamer, 'n rukkie gelede, het God vir my gesê om dit te doen. En hier is Dit. Hy het dit net nou

bevestig. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Amen. En geseënd sy die Naam van die Here. O, wat 'n tyd! Dit was die eerste keer wat dit gebeur het sedert Suid-Afrika. Hoe lank sal julle rondtas in ongeloof? Dit gesnap? Die Wind het deur hierdie platform getrek hier net nou, soos die Heilige Gees heiroor gegaan het, want dit was die gesproke Woord van God wat dit gedoen het. Amen.

200 Hoeveel van julle is genees? Steek julle hande op. Hoeveel voel anders in julle liggaam? Steek julle hand op. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Daar is dit. Julle is nou genees deur die heerlikheid van God. Almal wat anders voel, as julle julle nie julle arm kon beweeg nie, beweeg dit. As julle nie kon hoor uit julle oor nie, steek julle vinger in die oor en luister. Julle kan hoor. As julle nie kon loop nie, staan op julle voete. As julle blind is, haal julle sonbril af van julle oë. Julle kan sien.

201 Die Heilige Gees het deur hierdie plek gegaan net nou in 'n bevestiging van die Woord. Halleluja! Geseënd sy die Naam van die Here. 'n Wind-agtigheid het oor die gebou gegaan. Hoeveel kon Dit voel toe Dit hier deurgegaan het? Steek julle hand op. Wees eerlik met julleself. Daardie Wind wat deur die gebou gegaan het, dis die Heilige Gees. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] "Sê dit, en dit sal gedoen word." Soos 'n groot liefderike Wind het "whew," gegaan reg af oor hierdeur, en ek het Dit gehoor soos Dit oor die gehoor gegaan het. Julle het Dit gehoor en Dit gevoel, ook. Dis Sy Teenwoordigheid.

202 Almal wat nou anders voel, almal wat nou voel julle is genees, almal wat nou voel dat Christus in julle is!

203 Wat was dit? Net soos die Heilige Gees gekom het op die Pinksterdag, reguit afgekom het, die Wind wat hieroor getrek het. Hoeveel is 'n getuie Daarvan? Almal, eerlik uit julle hart. Daar is dit. Dit het regdeur die gebou getrek net toe. Dis dieselfde Heilige Gees. [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dieselfde Heilige Gees kom deur dieselfde Woord. Geseënd sy die Naam van die Here. Amen.

204 Almal wat glo dat julle genees is, staan op julle voete. Elkeen wat glo dat julle anders voel, ja, dat julle net nou genees is, staan op julle voete. [Gemeente juig—Red.] Amen. Amen. Dis reg. Amen. Terwyl hulle wag, soos julle begin anders voel! As julle 'n hoofpyn gehad het, as dit weg is, staan op. As julle siek was op julle maag, staan op, as dit weg is. Staan op as 'n getuie. Daar het julle dit. Wat doen dit? Dis die Heilige Gees wat dit gedoen het. Amen. Gevul met Sy goedheid! O, goeiste!

205 "Dit is my storie, dit is my lied." O, voel julle nie goed nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.]

. . .-rie, dit is my lied, (almal),
Prys my Redder heeldag lank;
Dit is my storie, o, dit is my lied,
Prys my Redder heeldag lank.

Laat ons dit weer sing, almal. Volg dit.

Dit is my storie, o, dit is my lied, (almal),
Prys my Redder heeldag lank;
Dit is my storie, o, dit is my lied,
Prys my Redder heel . . .

206 Hoe voel dit om genees te wees? Wuif julle hande vir Hom, hoe dit voel om genees te wees. Kyk net daar. Sê vir my die Duiwel is nie verslaan nie? Sekerlik, hy is. Amen. [Gemeente juig—Red.]

207 Hy's wonderlik. O, goeiste! Gee ons die wysie van: "Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my." Hoeveel ken daardie lied?

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Raadsman, Vredevors, Sterke God.

Goed. Ken dit, suster? Goed.

Wonderlik, wonderlik, Je- . . .
Raadsman, Vredevors, Sterke God is Hy;
O, red my, hou my weg van sondevlek,
Wonderlik, my Verlosser, prys Sy Naam!

O,wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
O, Raadsman, Vredevors, Sterke God is Hy;
O, red my, hou my weg van sondevlek,
Wonderlik is my Verlosser, prys . . .

208 Vir die voordeel, as daar twyfelaar hier staan, wat, ek voel dit in my hart nou en teen my Gees. Iemand dink dat daardie Gedruis wat deurgegaan het net toe, veroorsaak is deur 'n vliegtuig of iets.

209 God, Wie my plegtige Regter is, daardie Gees wat oor hierdie platform gekom het, selfs my baadjie aan my sy gewaai het, en uit Gedruis het oor daardie gebou net daar. Ek het Dit gevoel, Dit gesien, soos Dit uitgegaan het. Hoeveel is 'n getuie nou? Die Bybel het gesê: "In die mond van twee of drie getuies." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dis absoluut nie . . . Dis die Heilige Gees.

210 Julle onthou toe Jesus gebid het, eenkeer, en daar was 'n Gedruis uit die Hemel? Hoeveel onthou dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] En party van hulle het gesê, o, iets, 'n "gedonder" of so-iets. Dis steeds. Skeptiese gees lewe steeds.

211 Maar, God lewe ook steeds. Hy's net hier. Dieselfde magtige Rukwind wat afgekom het uit die Hemel op die Pinksterdag is net hier om van dieselfde ding te getuig. God Almagtig is die Regter van alle dinge. Amen.

212 Het julle Hom lief? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Prys die Here. Goed. Almal reik oor en skud hande met mekaar terwyl ons weer *Wonderlik* sing. Julle Metodiste en Baptiste maak nou op. Goed.

Wonderlik . . .

O, draai reguit om, skud hande met almal rondom.

. . . my,
Raadsman, die Vredevors, die Sterke God is Hy;
O, red my, hou my weg van sondevlek;
O, wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

213 Prys die Here. Voel julle nou goed? [Gemeente sê: "Amen."] Alles verby, alle twyfel weg? Wuif julle hande na Hom. "Dis alles weg. Alle twyfel is weg." [Gemeente juig—Red.] O, goeiste! Wonderlik! Wonderlik! Goed! "Alle twyfel is weg."

God seën jou, Dr. Vayle.

DIE EENHEID VAN EENDRAGTIGHEID AFR58-0128
(The Oneness Of Unity)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Dinsdagaand, 28 Januarie 1958, by Die Hippodrome in Waterloo, Iowa, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org